

12 Februarie

Jakobus 4:1-10

(Teks: 4:6)

Hoogmoed en nederigheid

Alle mense ly aan die sonde van hoogmoed. Baie noem hierdie sonde die wortel van alle sondes - en ek dink met reg! En tog sal mense nie maklik erken dat hulle daaraan skuldig is nie. Mense sal nog erken dat hulle 'n slegte humeur het, of dat hulle nie hulle tonge in toom kan hou nie, maar nie dat hulle hoogmoedig is nie.

Hoogmoed is die strewe om beter as ander te wil wees, om altyd in kompetisie met ander te wees. Hoogmoed sluip selfs jou geloofslewe binne. Mense is byvoorbeeld hoogmoedig omdat hulle (dink dat hulle) nederiger as ander is, of omdat hulle "beter" lidmate is as ander...

Hoogmoed is 'n onding wat direk van die duiwel af kom - dit is 'n geestelike sonde, 'n anti-Goddelike gemoedstoestand en denkwyse. 'n Mens wat hoogmoedig is, kyk altyd neer op ander. Daarom dank die Fariseër God dat hy nie soos die tollenaar is nie. Daarom kan hoogmoedige mense God nie raaksien nie - te besig om neer te sien op ander!

Hoeveel hoogmoed is in jou hart? Toets jousef maar aan die mate waarin ander se hoogmoed jou kwaad maak. 'n Mens vererg jou net daaroor as jou eie hoogmoed aangetas word deur dié van 'n ander. In die Bybel ontmoet ons God - iemand wat in elke opsig ons meerdere is, onmeetbaar ver ons meerdere is. God self weerstaan die hoogmoediges...

Sing Psalm 131:1 en 2

Ds. J.L. du Plooy (Strand)